# PROF. DR. C. J. H. DE WET.

**('n Persoonlike waardering.)**

Ek het prof. De Wet vir eerste maal ontmoet toe hy aan die begin van 1912 student geword het aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom. Ek was toe student aan dieselfde inrigting en in my laaste jaar vir die graad B.A. Hy was onder ons studente bekend as 'n hardwerkende en baie begaafde jongman. In ons studenteverenigings en -samenkomste het hy hom openbaar as iemand met 'n breedheid van insig en 'n helderheid van formulering wat kenmerkend gedurende sy hele latere optrede sou wees.

Na die dood van ds. P. C. Snyman, predikant van die Gereformeerde Gemeente van Steynsburg, is ds. De Wet daarheen beroep. Ek was destyds onderwyser aan die Gereformeerde Gimnasium aldaar, die enigste oorblywende C.N.O.-skool. Ek het hom daar geleer ken as 'n geïnspireerde en inspirerende prediker. In die organisasie van die Gereformeerde jeug van die Steynsburgse gemeente het hy en ek innig saamgewerk. Vir die jeug was hy 'n aantreklike leier.

Dr. de Wet en ek het saam professore in Potchefstroom geword. In Februarie 1925 het hy professor aan die Teologiese Skool geword, en is hy gelyktydig ook benoem as spesiale lektor in die Teologie aan die P.U.K. Toe die Fakulteit van Teologie aan die P.U.K. in 1930 in werking getree het, het hy professor geword, en wel in die vakke Ou- en Nuwe-Testamentiese Teologie en Dogmageskiedenis. In die akademiese lewe van die P.U.K. het hy 'n belangrike plek ingeneem. Behalwe vir sy kolleges aan studente vir die graad in Teologie, het hy as lid gedien op verskillende komitees van die Senaat, veral die Komitees vir Leerkursusse, vir Lesings en vir Koshuise. Hy was ook Dekaan van die Fakulteit van Teologie vir die jare 1933 en 1934 en was toe ook lid van die hoofkomitee, die Komitee van Algemene Sake.

Met die groei van die P.U.K. en die benoeming van meer teologiese professore oor die jare het sy leeropdrag van tyd tot tyd gewysig: van 1935 het hy Dogmageskiedenis en Bybelse Teologie gedoseer, van 1942 was hy professor in Dogmatiek, Dogmageskiedenis, Bybelse Teologie en Christelike Etiek (prakties) en van 1944 tot sy uittrede in 1945 was hy verantwoordelik vir Dogmatiek, Bybelse Teologie en Christelike Etiek (prakties).

Sy studente getuig eenparig van sy besondere gawes as dosent. Sy kolleges was gekenmerk veral deur die omvattendheid van sy aanbieding; van besonderhede het hy min gehou; hy was die man vir die hooflyne en beginsels.

Ek het professor De Wet in die besonder geleer ken as skrywer. Kort na ons benoeming as professore het hy met sy kollegas planne begin beraam vir die publikasie van 'n populêr-wetenskaplike tydskrif vir die bevordering van die Calvinisme. In Julie 1928 kon die eerste nommer verskyn van Die Wagtoring

onder redaksie van die drie teologiese professore met prof. De Wet as hoofredakteur. Dit was 'n kwartaalblad en die redaksie het as ideaal gestel 'n maandblad. Die hoofinhoud sou teologies van aard wees maar ook ander artikels is verwelkom. Prof. De Wet het gereeld daarin geskrywe. Ek noem net 'n paar van sy beste artikels (met die nommer van die tydskrif):

Onderskeidingswerk (1), Die Nuwe Aarde (1 en 2), Die Heilige Skrif en Openbaring van God (3), Oorsprong van die Dinge (4), Wat is Sonde? (5), Wêreldeinde (7), Die Posisie van die Vrou (9), Die Godsdiens (13 en 14), Karl Barth (15), Wysgerige Elemente in die Christelike Teologie (16), Wedergeboorte van die Verstand (20), Wordende Wêreld (22) en Bybelse Opvoeding (23).

Prof. De Wet wou 'n algemene Calvinistiese tydskrif sien verwesenlik. Daartoe het hy doelbewus gewerk. Hy het van die begin af artikels oor opvoeding, natuurwetenskappe, wysbegeerte, geskiedenis ens. verwelkom. Met die negende nommer het hy die blad 'n tweemaandelikse uitgawe gemaak en 'n hele lys van vaste medewerkers betrek: Teologie, Opvoedkunde, Wysbegeerte en Sielkunde, Geskiedenis, Ekonomie en Staatsleer, Natuurwetenskappe, Taal en Lettere. Met die 21ste nommer word die blad weer kwartaalliks en word die redaksie ingrypend aangevul deur by die teoloë ook 'n opvoedkundige en 'n natuurwetenskaplike te voeg. Die lys van vaste medewerkers bly staan. Nou het die blad in sy oë sy hoogste vorm bereik. In die 24ste nommer (Junie 1933) kondig prof. De Wet aan dat die blad nou tot 'n nuwe blad georganiseer word. In Augustus 1933 verskyn die eerste nommer van **Koers**. Die organisasie is uitwendig-formeel; prinsipe, grondslag en doel bly onveranderd. Prof. De Wet, al het hy uit die redaksie getree, het bly saamwerk.

Prof. De Wet het hom ook beweeg op die gebied van boeke skrywe. Sy doktorsproefskrif (1921) handel oor **Die Kollegiale Kerkreg** en het bekendheid verwerf. Maar dit is veral as skrywer van predikasies en meditasies dat hy geliefd geraak het onder die tere gelowige Afrikanerdom. Sy bekendste bundels is **Die Bergpredikasie** I (1922), II (1927), **Dit is die Here** (1934) en **Het jy my Lief?** (sonder jaar). Twee ander werke getuig van sy erns: **Filosofiese en Vulgêre Christendom** (1925) en **Die Bybel en die Christus van die Bybel** (1931).

Prof. De Wet het besonder diep en gevoelvol belang gestel in die politiek. Van 1926 het hy die voortou geneem in die stryd vir Christelik-republikeinse politiek in Suid-Afrika. In Maart 1940 publiseer hy 'n weldeurdagte pamflet **Ons Christelike Republiek.**

Vir die politiek was prof. De Wet egter te vierkantig en kompromisloos.

As student, as prediker, as professor, as skrywer het prof. De Wet uitgeblink in drie dinge: diepte van insig, verte van visie, vastheid van oortuiging.

J. CHR. COETZEE.